

# *Ons Erediens*

*NG Gemeente Wonderpark*



Gesinserediens saamgestel deur:  
**Ds. Martiens Swart – 30 Augustus 2020**

## 1. SKRIFLESING EN GEBED.

**TEMA: VIND BY DIE HERE DIE NOODSAAKLIKE RUS VIR DIE LEWE**

**TEKS: Matteus 11:28 tot 30**

**“Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is,  
en Ek sal julle rus gee..”**

### Inleidend:

“Kom na My toe..” wat ‘n uitnodiging! Kyk Wie maak die Uitnodiging. Seker die wonderlikste met wat enigiemand ooit kan gebeur... maar vandag is dit woorde van Jesus aan jou.

Rus het ‘n Essensiële plek in die lewe. Ons lewe met soveel stres en irritasie wat lei tot moegheid.

Mense is moeg van op hulle hoede wees, vir die maskers en inperkings, selfs vir die bombardement van geestelike boodskappe in hierdie tye uit alle oorde en manière.

Vir alles gebruik ons iets: As ons moeg is gebruik ons kaffeïne en energiedrankies om aan die gang te kom en te bly; as ons oorspanne is is alkohol en pille ons selfmedikasie vir ontspanning.

Ons vind nie waarlik rus nie... As daar ‘n naweek oopval wil ons wegkom om te gaan rus... maar dan kom mense moeër terug... let maar op.

### 1. Ons het Behoefté aan rus.

- Ons is so moeg
- Rus is deel van die Ritme in die Skepping,  
(Seisoene, 6 dae werk en 1 dag rus, dag en nag, ens)
- Rus bring herstel- en helingsprosesse van die vorige;
- Rus maak gereed vir die volgende;
- Rus beklemtoon die belangrike... soos die rusposes in ‘n musiekstuk.



**Die Here Jesus is ons Goeie Herder wat ons wil lei na groen weivelde en na waters waar rus is... vgl Psalm 23:2**

**2. "Kom na my toe... en Ek sal julle rus gee" Vgl Matt 11:28, 29.**

Die Matteus Evangelie begin met God se teenwoordigheid in ons realiteit en eindig daarmee.

Matteus 1: 23 "Jy moet Hom Immanuel noem. Die Naam beteken God is met ons"

Matteus 28:20 " En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding."

*Die gode van die wêreld is veraf, onbereikbaar. So praat 'n stuk of vyf jong mense uit die Ooste op You Tube as hulle getuig hoe hulle by die God van die Bybel uitgekom het wat so anders is. Hy kom na ons toe, is in ons midde... ken ons luister na ons... en sê van baie naby aan ons met begrip... As jy vermoeid is, belas, kom na My toe... Dit is die wonderlike uitnodiging vir jou en my.*

**3. Verskillende Soorte Rus**

- Rus van godsdienstige laste... volhou van al die stappe en reëls (Matt 11:28, 29)
- Rus van die druk van pligte, besigwees (Markus 6:31)
- Rus van gewigtige probleme (Psalm 62:1-9)
- Rus van sinvolle werk wat voltooi is (Genesis 2:1vv)  
.... dit sluit viering in... om te sê: Dit was goed!

**4. Hoe Hy jou by Rus bring**

- 1) Wegbreek eenkant met Hom
- 2) "Neem My juk op julle"  
... saam met Hom daarin en  
... neem op net wat Hy jou gee as verantwoordelikheid
- 3) "Leer van My"  
... dit is 'n leerproses wat tyd gaan neem  
... dit is 'n leer om anders te lewe wat alles insluit  
(denke, besluite, optrede, gewoontes, die sinvolle)

**Gaan na Hom en Oppad en vind jou rus by Hom**

**Om mee af te sluit:**

Matteus 11:28 en 29 in die Message Vertaling:



"Are you tired? Worn out? Burned out on religion?

Come to Me. Get away with Me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with Me and work with Me – watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with Me and you'll learn to live freely and lightly."

**Sonder die rus by Hom en saam met Hom oppad, kan jy nie gesond, kreatief, gelukkig lewe vir Hom nie. Hierdie rus deur Hom is essensieël vir jou lewe... neem sy uitnodiging aan!**

## 2. OFFERGawe

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

